Julie 2011
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Pas nadat die Eerste Vryheidsoorlog op 16 Desember 1880 uitgebreek het, het die Britse bewindhebbers krygswet in Pretoria afgekondig en besluit om vir verdedigingsdoeleindes die burgerlike bevolking van die stad in die militêre kamp saam te trek [Arg-03 p94]. In die tyd het Charles du Val en Charles Deeker 'n koerant "The News of the Camp" uitgegee. Ek het so pas al veertig uitgawes van die koerant gelees en was baie terleurgestel. Behalwe vir 'n paar sterfte- en geboortekennisgewings is daar in die koerante weinig nuus oor die gewone inwoners van Pretoria – slegs die militêre offisiere en hier en daar 'n manskap word by name genoem. Daar word bv. vertel dat 'n sekere kaptein een oggend op pad na Daspoort van sy perd afgeval het en baie verleë by die kamp aangekom het net om uit te vind sy perd was voor hom daar. 'n Ander persoon het sy geweer skoongemaak en per ongeluk sy eie hand raakgeskiet, en by Daspoort meule het 'n soldaat in die Apiesrivier verdrink. Baie selde word enige name genoem.

Daar is wel besprekings van die skermutselings by Rooihuiskraal, Zwartkopje en Elandsfontein maar dit is baie eensydig. Daar word geskryf hoe goed die Engelse kan skiet en hoe dapper hulle is en daarteenoor dat die Boere gladnie goeie skuts is nie en maar redelik lafhartig is.

## Brokkies nuus uit die kamp

### Hout
Kommandant Fox berig dat hout nou baie skaars word. Gelukkig is daar genoeg blikkieskos wat koud geëet kan word [N 1881-01-04].

### Kerkplein
Pretoria se Kerkplein lyk baie sleg. Die loopgrawe wat rondom die kerk gegrawe was is nou toegegooi maar die grond is nie vasgestamp nie. Dan groei die bossies en gras ook baie hoog op die plein. Binnekort kan voer daar gesny word [N 1881-01-25].

### Konsert
Daar is 'n kennisgewing dat 'n konsert gehou gaan word. Mits die weer en die Boere dit toelaat [N 1881-01-29]. Twee konserte en ook 'n hele paar uitvoerings van die militêre orkes word gehou op die paradegrond. Almal word versoek om hul eie stoele te bring. Later kla die hospitaal dat die geraas steurend is vir die siek pasiente en 'n alternatiewe terrein vir die konserte word aangekondig.

### Wors
Daar word gevra of dit waar is dat wors goedkoper word en die bobbejane in Wonderboompoort minder word [N 1881-02-01].

### Pretoria se eerste Burgemeester
Na die anneksasie van Transvaal deur Sir Theopilus Shepstone in 1877 is stappe gedoen om 'n munisipaliteit in Pretoria daar te stel, maar die eerste munisipale verkiesing kon eers in 1880 gehou word. Mnr J.C. Preller is toe as bugemeester gekies. Hy is dus Pretoria se eerste verkose burgemeester [Eng-01 p84]. Voordat hy egter sy amp kon aanvaar, is die Eerste

Vryheidsoorlog [1880-1881] beëindig en het Pretoria tot die republikeinse stelsel teruggekeer.

Tydens die beleg en gedurende Februarie 1881 het die Stadsraad 'n vergadering gehou om oorweging te skenk aan die versoek van die Koloniale Sekretaris dat die Raad sy verordeninge moet publiseer en die bestuur en administrasie van die stad moes onderneem. Teenwoordig was die Bugemeester J.C. Preller en raadslede Beckett, E. Struben, Lithauer, Green, Skinner, Bannatyne en Bourke [N 1881-02-12]. Alhoewel by hierdie vergadering verklaar is dat die beoogde regulasies reeds aan die begin van Desember 1880 opgestel is, het die Sradsraad vanweë oorlogstoestande besluit om nie met die publikasie daarvan voort te gaan nie [Arg 03 p94]. Die raad het toe besluit om te verdaag tot die eerste Woensdag nadat krygswet opgehef is.

Brandweer

Daar is besluit dat 'n brandweerstasie in die kamp begin moet word. 'n Week later word berig dat Luit. Commeline in beheer van die brandweer sal wees en dat daar drie brandweerwaens is om te gebuik [N 1881-03-05].

Voorrade

Al die persone in die kamp moes van kos en ander benodigdhede voorsien word. Dit was 'n groot organisasie. Daar word geskryf [N 1881-01-01] dat kaptein Sampson teruggekeer het met sy "foraging party" [volgens die woordeboek plunder, kos soek, snuffel of stroop]. Hulle het 5 perde, 500 skape en baie pluimvee saam terug gebring.

Foto's van H.F. Gros


Die fotograaf H.F. Gros was in daardie tyd in Pretoria werksaam en hy het na die beleg 'n boek "Pretoria Besieged in Photographs by H.F. Gros" uitgegee. Ek was so gelukkig om 'n kopie van al die foto's op CD present te kry. Du Val skryf: "Oh! Photography, were it not for you, fame would be achieved but slowly" [N 1881-02-08]. Hier volg 'n paar stukkies inligting oor hom en sy foto's wat ek in die koerant gekry het.

Daar word berig dat hy besig is om foto's van die kamp te neem [N 1881-01-25]. Behalwe foto's van al die werksaamhede in die kamp het hy ook die verskillende afdelings en die manskappe afgeneem. Ek plaas hier vier foto's wat vir my interessant is. (Ek het al die foto's effe gesny om plek te spaar.)



Hierdie foto noem hy "Civil Laager from the Quarries".

Heel regs op die foto is die sogenaamde Civil Laager. Al die inwoners van Pretoria wat gelukkig genoeg was om hul eie ossewa te hê het hier laer getrek. Dit was baie beter as om saam met ‘n paar honderd ander vroue en kinders in die hutte te bly.



No more shortage but plenty of grass cut daily for our worn out horses

Werkers het gereeld uitgegaan om in die veld en ook op die omliggende plase gras te sny om as voer te gebruik. ‘n Groep soldate het ook saamgegaan om as wagte te dien. Daar word geskryf dat ‘n stoom grasmasjien en ‘n “haymaker” deur die Boere by Heidelberg gebuit is. Dit is seker toe op Pretorius se plaas gebuik [N 1881-01-08].




On the “Qui Viv” on cattle and grass cutting guard.
A. Nourse’s Hill. B. Elandsfontein Range.

Hier is ‘n bespreking van so ‘n ekspedisie wat in die koerant [N 1881-01-27] gepubliseer is:
Die ekspedisie onder leiding van maj. Le Mesurier – kommandant van die Tronk en Convent Redoubt laagers – na Schoeman se plaas was baie suksesvol. 2,000 bondels voer is versamel en afgelewer by die Kamp Kommissariaat. Die voer het behoort aan mnr. Perril wat toe op Schoeman se plaas geboer het [daar word nie genoem of daarvoor betaal is nie].

Die groep is vergesel van 25 soldate van die Karabiniers onder luit. Walker, 25 van Nourse's Horses onder luit. Glynn en 'n aantal vrywilligers onder kapt. Johnson. Al die vrywilligers is met muilwaens vervoer. Hulle het ook 'n 7-ponder kanon saamgeneem.




Mr. Mundt's fuel making (caking and drying of cowdung)

Mnr. Mundt het 'n "fuel making establishment" begin. Hy versamel die "celebrated South African Floor Mixture" (mis) – haal al die miskruiers en ander onsuiwerhede uit en maak stene daarvan. Die stene word dan in die son gelaat om droog te word. As dit reën, wat op die oomblik gereeld gebeur, moet dit toegegooi word. 'n Paar duisend stene is alreeds in die stoor gepak en sal gebuik word as brandhout skaars begin word [N 1881-02-15].

Bronne geraadpleeg


Arg-03 Cloete, J.J.C. 1961. **Die ontstaan en ontwikkeling van die Munisipale bestuur en Administrasie van Pretoria tot 1910.** Argiefjaarboek, Jaar 23 Vol. 1. Elsies Rivier: Nat. Commercial Printers.

Arg-04 Davey, Arthur M. 1956. **The Siege of Pretoria 1880-1881**. Argiefjaarboek, Jaar 19 vol. 1. Cape Town: Cape Times Ltd.

Eng-01 Engelbrecht, S.P. [Dr.] 1952. **Eeufees-Album. Pretoria se eerste eeu in beeld.** Pretoria: J.L. van Schaik Beperk.

N = News of the Camp


Groete tot volgende Maand
Rosa Swanepoel

---------------------------------------------------

Die volgende navraag van Paul Els

Hi All
I have a problem of who had relieved Lord Kitchener when he left SA in 1902.
One document mentioned the name General Ian Hamilton – but Hamilton was Sec of State in Britain at that time. (internet)

Any idea? Paul Els